Leef jou lewe voluit want dit het 'n Vervaldatum.



Vriendskap Flentertjies



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 21 Januarie 2018**

*"Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."* (Josua 1:9)

## PROGRAM VIR VANDAG



**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Blommekomitee.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 na die diens in die konsistorie. Gr 9 en 11 soos deur ds Robert en ds André gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds André) en op Vleesbaai (Ds Danie). *Ds Robert is met afnaweek.*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Arbeidsbediening.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos vandag.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**Ds Danie:** Maandag om 10:00 by Santos 1 en 15:00 by Santos 2; Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

**Ds André:** Dinsdag om 09:30 in die saal.

**Ds Robert:** Dinsdag 09:00; Donderdag Boekleesgroep 18:15 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:30 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds Danie).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog.
Kerkraadsvergadering om 18:00 in die saal.

### BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO


**KOSKAS:** Januarie is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**PREEKREEKS EN KLEINGROEPE:** Ons doen weer vanaf 11 Februarie 'n reeks oor roeping: "Wie is jy en waarheen is jy op pad?"
Dit gaan oor persone in die Bybel se verskillende roepings.

1. Roeping word eers voorafgegaan deur 'n krisis.
2. Besluit om die roeping te gehoorsaam (Abraham).
3. Ek word geroep tot 'n span (Moses en Aaron).
4. Roeping impliseer dikwels opoffering wat dit van my vra.
5. Om jou roeping uit te leef, bring lewensvervulling.
6. Onthou, ons roeping gaan nie oor onsself nie, maar oor Hom!

**GEBEDSWEEK:** Ons jaarprogram dui hierdie week aan as gebedsweek. Ons moedig lidmate aan om hier aan die begin van die jaar spesiale moeite te doen om een van die 3 geleenthede by te woon.
Dis Dinsdag om 17:30 in die konsistorie, Woensdag 15:30 die Santos Haven biduur en Donderdag om 06:00 saambid vir mans in die lokaal onder die verhoog in die saal (die "gat").



**HELPERS BENODIG:** EatSmart se sopverpakking vind plaas op Donderdag, 25 Januarie om 08:00 in die saalkombuis. Indien u 'n tydjie het om ons te help, sal dit van groot hulp wees.

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Kenani was R3 753-70.

**BEWYSE ONTVANG:** Antoinette Coetzee Golden Rendezvous vanaf De Rust. Gilbert B Muller, Ragel Muller, Amelia Muller (doop) Arum Valley vanaf Riversdal -Wes. Hartlik welkom!



## GEBEDSBULLETIN

**Januarie se tema: Nuwe geleenthede**


**Hierdie week se DANKSEGGING:**
Vakansietyd, ontspantyd en familietyd.
Nuwe geleenthede om die Here te dien.
Bewaring (en die Here se troos waar daar ongelukke was).

**Hierdie week se VOORBIDDING:**
Kerkraadsvergadering (2018/9 begroting).
Mense wat tydens die vakansietyd krisisse beleef het.
Die jaar se bedieninge – uitreike en omsien.
Skoliere (veral graad 1's) en studente die nuwe jaar.
Preekreeks.
Droogte veral in die WesKaap.




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Dries J.van Rensburg Pinnacle Park,*
*Lucia Laubscher Santos Haven,*
*Petro du Plooy Santos Haven,*
*Jan Louw Fynboshoogte,*
*Anna Terblanche Santos Haven,*
*Riekie Janse van Rensburg Plaas Misgunst Vleesbaai,*
*Melinda van Greunen Da Gamastr*



DIE WÊRELD IS VOL MENSE WAT SÊ HULLE is "ok" maar net God weet hoe hulle rerig voel, moenie hulle oordeel as gevolg van **hul optrede nie, jy weet nie wat** daai persoon se "battles" is nie!

STAAN DAAI PERSOON EDER BY EN bid vir hulle want hulle het jou **gebede baie nodig!**

SO, HOU OP OORDEEL EN KRITISEER EN DOEN wat God van jou verwag!

"JONGELINGE VIR CHRISTUS BEDIENING"



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 28 Januarie 2018**

*"Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is..." (Jer 17:7-8)*

## PROGRAM VIR VANDAG



**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Arbeidsbediening.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 is 10:30 in die konsistorie. Gr 9 en 11 soos deur ds Robert en ds André gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG



**NAGMAAL:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Danie); om 09:00 in Santos 2 se sitkamer (ds Robert) en op Vleesbaai (ds Malherbe).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeentebediening.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos vandag.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**Ds Danie:** Maandag om 10:00 by Santos 1 en 15:00 by Santos 2; Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

**Ds André:** Bybelstudie Dinsdag 09:30 in die saal.

**Ds Robert:** Dinsdag 09:00; Donderdag Boekleesgroep 18:15 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Geen gebedsbyeenkoms.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds Robert).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog.

### BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Januarie is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**PREEKREEKS EN KLEINGROEPE:** Ons doen weer vanaf 11 Februarie 'n reeks oor roeping: "Wie is jy en waarheen is jy op pad?"
Dit gaan oor persone in die Bybel se verskillende roepings.

1. God roep die wegkruiper (Roep die droom na vore – Gideon).
2. God se visie vir my begin vorm aanneem (Nehemia).
3. Geroepe tot 'n leefstyl van dissipelskap soos Johannes – seun van die donder na 'n dissipel van liefde.
4. Weerstand – Josua.
5, Roeping het ook ONTNUGTERINGE – Johannes – Is dit U?
6. Geroep om te VOLHARD – Jesus se opdrag (Mt 10:22).

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Blommekomitee was R1612-20 en vir Vleesbaai Hulpfonds was R805-00.

**KURSUS:** Ds André is van Dinsdag tot Donderdag in Stellenbosch vir 'n kursus.

**SMARTSTART SKOOLTJIES:** Dinsdag om 17:30 kom die persone wat betrokke is by die skooltjies die kitspap kry vir Februarie. Ons kom by die kerksaal bymekaar. Ons gaan so vir 15-30 minute 'n gesprek hê om net saam te dink oor die beste praktyk in ons betrokkenheid by 'n skooltjie.

Daar is al mense wat mussies brei vir die winter. Heelwat van die 18 speelgroepies is by dagmoeders, en daar is altesaam ongeveer 200 kinders.

Ons het dringend meubels nodig vir Anne-Marie se kantoor. Twee stoele waarop mense kan sit wat die kantoor besoek, liaseerkabinet, en stoel by lessenaar. Ons het reeds 'n lessenaar. Enige iemand wat kans sien om iets by te dra, kan vir ds Robert kontak.






## GEBEDSBULLETIN


**Januarie se tema: Nuwe geleenthede**

### Hierdie week se DANKSEGGING:

* Gemeenskap van geloof en die omsien na mekaar.
* Nuwe geleenthede wanneer ons misluk (tweede kanse).
* Voorsiening in die gemeente se fondse (elke lidmaat se bydrae en offers).
* Oop deure en geleenthede by skole.
* Oop deure en geleenthede by werksplekke en fabrieke (Arbeidsbediening).

### Hierdie week se VOORBIDDING:

* Genoeg vrywilligers om namens Arbeidsbediening al die geleeenthede te kan benut .
* *Mighty men* in Maart asook *It's Time* (Kaapstad) in Maart.
* Morele verval in ons land (waardes).
* Preekreeks.
* Droogte veral in die Wes- en Oos Kaap. Dankie vir areas waar dit gereën het.
* Die (dikwels negatiewe) rol wat die TV, radio en sosiale media speel. Mense versprei (sonder om te dink) onwaarhede en verdagmaking .




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Dries J van Rensburg Pinnacle Park
Lucia Laubscher Santos Haven
Petro du Plooy Santos Haven
Jan Louw Fynboshoogte
Anna Terblanche Santos Haven
Drienie Muller Mopaniestr



Sterftes: Swaer van Wilna van Zyl Fijnboschpark